higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 2

14 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN DIE NASIENERS

1. Nasieners word daaraan herinner dat lewensvaardighede breedweg geïnterpreteer kan word, dus mag 'n verskeidenheid antwoorde verskaf word. Antwoorde wat verkeerd is, moet egter nie as korrek aanvaar word nie.

2. Nasieners moet hul diskresie gebruik wanneer hulle nasien. Studente se antwoorde moet binne die konteks van hul ervaringsveld beoordeel word.

3. Inhoud, en nie grammatika nie, moet nagesien word.

4. Vir die meeste vrae word verskeie antwoorde verskaf. Dit dien as 'n riglyn vir die tipe respons wat vereis word. Nasieners moet die verskillende antwoorde sorgvuldige deurlees om 'n begrip te vorm oor die tipe antwoorde wat aanvaarbaar is.

5. Nasieners moet die puntetoekenning per vraag sorgvuldig nagaan en streng volgens die puntetoekenning nasien.

   LET WEL:
   (2 × 1) beteken dat TWEE antwoorde vereis word en dat EEN punt per antwoord toegeken word.
   (1 × 2) beteken dat EEN antwoord vereis word waarvoor TWEE punte toegeken word; eenwoordantwoorde is nie voldoende nie.

6. Waar studente versoek word om 'n paragraaf te skryf, te beskryf, bespreek, verduidelik en aanbeveel, is eenwoordantwoorde nie voldoende nie.

7. Dankie vir sorgvuldige, nougesette en billike nasien. Die handhawing van 'n hoë standaard help om die status van hierdie belangrike vak te verbeter.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 C
1.3 C
1.4 A
1.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar✓
Mense kan om Suid-Afrikaanse burgerskap aansoek doen indien hulle vir ten minste 5 jaar oor 'n permanente verblyfpermit beskik of met 'n Suid-Afrikaanse burger getroud is✓
Iemand wat minderjarig (onder 21 jaar oud) is en wat oor 'n permanente verblyfpermit beskik, kan om Suid-Afrikaanse burgerskap aansoek doen.
Indien iemand buite Suid-Afrika gebore is waarvan die ouers ten tyde van die geboorte Suid-Afrikaanse burgers was, mag ook om Suid-Afrikaanse burgerskap aansoek doen.
'n Ander manier om Suid-Afrikaanse burgerskap te verkry is wanneer iemand deur 'n Suid-Afrikaanse burger aangeneem word.

2.2 Onwaar✓
Die hoogste wet in die land is die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.✓
OF
Die Handves van Regte maak hoofstuk 2 van die Grondwet uit en bevat die regte waaroor ons as mense beskik.

2.3 Onwaar✓
Indien 'n studente onderwys ontvang, is hy/sy daarvoor verantwoordelikheid om die kollege-omgewing om hulle te bewaar.✓
As studente moet ons water en elektrisiteit bespaar en nie op tafels/banke skryf nie.

2.4 Waar✓
Om aan te hou om finansiële bystand te ontvang, is 'n student daarvoor verantwoordelik om klasse by te woon.✓
Dit is die student se verantwoordelikheid om seker te maak dat al die vereiste dokumentasie vir die beursaansoek betyds korrek voltooi is.

2.5 Onwaar✓
Deur 'n gesonde dieet te volg, eet 'n mens die regte kos om jou brein te help om op sy beste te funksioneer.
'n Gebalanseerde dieet sal die brein van al die voedingstowwe verskaf wat nodig is om 'n mens te help om te onthou wat hy/sy studeer.

(5 × 2) **[10]**

Opmerking: Indien Waar en Onwaar verkeerd is, word geen punte vir die rede toegeken nie. Studente mag nie die vraag as rede verskaf nie.

VRAAG 3

3.1 G
3.2 A
3.3 I
3.4 K
3.5 B
3.6 D
3.7 L
3.8 E
3.9 H
3.10 J

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 serebrale korteks
4.2 ingesteldheid
4.3 intrapersoonlike
4.4 gemeet
4.5 voltooi

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Kompulsiewe gebruik van 'n middel, selfs al het dit 'n negatiewe invloed op die liggaam.
Dit is die onvermoë om op te hou om 'n dwelm te gebruik selfs wanneer jy weet wat die negatiewe uitwerking is. (Enige toepaslike antwoord) (1 × 2) (2)

5.2
- Die reuk van alkohol op die persoon se asem, vel en klere
- Die student kan nie reguit loop nie / Swak fisiese koördinasie
- Swak sosiale oordeel en die student kom roekeloos voor
- Wanneer die student praat, is die dit hard, stadig of sleeptong
- Studente kan tekens van depressie toon as hulle nie dronk is nie
- Studente se persoonlikheid verander van vriendelik na aggressief as hulle dronk is / Gemoedskommelinge
- 'n Geskiedenis van swaar drinkery

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

5.3
- Die familie is permanent bekommerd oor waar die student is
- Die persoon wat die middel misbruik mag vir die familie leuens vertel of van hulle steel / almal sukkel finansieel
- Daar is 'n konstante bakleiery of gevloek in die huis wat dit vir almal onaangenaam maak
- Familielede kan fisies, verbaal of emosioneel mishandel word
- Familielede mag skuldig of verantwoordelik voel vir wat gebeur

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

5.4
- Narcotics Anonymous (NA)
- Drug wise
- Lifeline
- Alcoholics Anonymous (AA)
- SANCA
- Al-Anon
- CODA (Enige toepaslike antwoorde)

Let wel: Moenie hospitaal, kerk, kliniek of rehabilitasiesentrum aanvaar nie

(2 × 1) (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 S – Spesifiek
M – Meetbaar
A – Bereikbaar ('achievable')
R – Realisties / Relevant
T – Tydgebonde

Let wel: TWEE punte word toegeken indien die student alles korrek beantwoord
EEN punt word toegeken indien die student tussen EEN en VIER korrek beantwoord
Geen punte word toegeken indien alles verkeerd is nie (1 × 2) (2)

6.2
- Indien 'n student nie sy/haar tyd kan bestuur nie en altyd laat is, sal hy/sy die reputasie kry dat hy/sy nie betroubaar is nie✓✓
- Om swanger te raak sonder dat dit beplan is, kan daartoe lei dat 'n student haar studies opgee om die kind groot te maak ✓✓
- Sonder deursettingsvermoë of die vermoë om aan te hou wanneer dinge moeilik raak nie, sal die student nie in staat wees om sy/haar doelwitte te bereik nie✓✓
- As 'n mens omring is deur ander wat jou beïnvloed om negatiewe goed te doen, kan dit jou in die moeilikheid laat beland, wat beteken dat jy nie op jou doelwitte kan fokus nie
- Studente kan baie lui wees en slegs die minimum doen wat van hulle verwag word
- Wanneer 'n student daarvoor verantwoordelik is om sibbe groot te maak, beteken dit dat hy/sy nie in staat sal wees om op sy/haar eie doelwitte te fokus nie
- 'n Gebrek aan geld (armoede) om jou doelwitte te bereik is 'n groot uitdaging vir baie studente
- Met 'n negatiewe ingesteldheid sal 'n student altyd die probleme raaksien eerder as om na oplossings te soek om hul doelwitte te bereik

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 2) (6)

6.3
- Wees georganiseerd
- Fokus op die taak voor hande en moenie dat jou aandag afgelei word nie
- Volg 'n roetine
- Prioritiseer wat eerste bestudeer moet word
- Gebruik tydbestuurhulpmiddels soos 'n weeklikse beplanner
- Monitor vordering en kyk hoedat jy vaar
- Wees betyds
- Beplan vooruit en heg waarde aan jou tyd
- Begin met die maklikste goed sodat jy voel asof jy vordering maak
- Breek take/vakke in kleiner dele op

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

6.4
- Deling
- Respek
- Empatie
- Luister
- Aanvaarding
- Onvoorwaardelike liefde
- Betroubaarheid / eerlikheid
- Oop kommunikasie
- Vergifnis

(Enige toepaslike antwoorde)
Let wel: Moenie 'motiverend of bemoedigend' aanvaar nie. Dit is as voorbeeld in die vraestel gebruik. (3 × 1) (3)

6.5
- Besluit wat hul waardes en standaarde behels; as jy nie weet wat jy voorstaan nie, sal jy vir enigiets toegee
- Kies vriende versigtig / Kies vriende wat jou waardes deel
- Wees selfgeldend en oefen om 'Nee' te sê
- Draai om en loop weg
- Probeer ander goed voorstel wat gedoen kan word
- Neem standpunt in en praat indien dinge nie reg is nie
- Vertel vir iemand wat jy vertrou, soos 'n lektor of ouer

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

6.6
- Meer as een seksuele maat
- Seksueel aktiewe persone wat nie kondome gebruik nie
- Om met iemand te slaap wat jy nie ken nie / Eennagpassie
- Deel van naalde om dwelms in te spuit
- Om 'n drankie by 'n partytjie sonder toesig te laat en 'n slagoffer van afspraakverkragting te word
- Gereelde uitruiling van seksmaats

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)
[20]

VRAAG 7

7.1
- Oop elektriese koorde
- Kerse sonder toesig
- Oop vure sonder toesig
- Vlambare materiaal
- Te veel proppe in een sok
- 'n Toestel sonder toesig laat/iets op die stoof laat
- Onwettige elektriese koppelings
- Gas wat nie behoorlik toegedraai word nie
- Kinders wat met vuurhoutjies speel

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

7.2
- Skakel alle toestelle af en trek die prop uit
- Neem vullis uit sodat daar minder brandstof is indien 'n brand sou uitbreek
- Maak seker dat alle sigaretstompies doodgedruk is
- Maak alle vensters en deure toe en skakel alle ligte af
- Maak elektriese toestelle, soos rekenaars, gereeld skoon
- Moenie naby rekenaars eet of drink nie
- Moenie elektriese kabels onder matte deur lei nie
- Installeer brandalarms deur die hele kollege

(Enige toepaslike antwoorde)
Let wel: Die antwoorde wat verskaf word moet op die kollege van toepassing wees (3 × 1) (3)

7.3
- VAL – Val onmiddellik op die grond, lê plat, trek jou knieë effens op, hou jou elmboë naby jou liggaam en bedek jou oë met jou hande✓✓
- VAL – Val onmiddellik op die grond en bedek jou gesig met jou arms en hande
- ROL – Rol heen en weer – dit sal voorkom dat die brand meer suurstof kry✓✓
- ROL – Fokus waar die vlamme is en rol heen en weer om die vlamme te blus

(Enige toepaslike antwoorde) (2 × 2) (4)

7.4
- Wees versigtig met vlamme
- Wees verantwoordelik met vuur
- Veiligheid eerste

(Enige toepaslike antwoord)
Let wel: EEN punt vir toepaslikheid, EEN punt vir kreatiwiteit, EEN punt vir lengte (Nie meer as 6 woorde nie) (1 × 3) (3)

7.5 7.5.1 Ja (1)

7.5.2
- Volgens die Handves van Regte het almal die reg op onderrig
- Die feit dat iemand arm is, beteken nie dat hy/sy nie onderrig mag ontvang nie; dit is elkeen se reg
- Onderrig verminder armoede deur mense te help om werk te kry en dit verminder die gaping tussen rykes en armes
- Onderwys bemagtig almal en help mense om hul volle potensiaal te bereik

(Enige toepaslike antwoord) (1 × 2) (2)

7.5.3
- Ek pleeg nie misdaad nie
- Ek kom die reëls en die kollege se gedragskode na
- Ek berei vir eksamens voor
- Ek verneuk nie in enige eksamens nie
- Ek kopieer nie my vriende se werk en lewer dit as my eie in nie
- Ek respekteer lektore en bly stil wanneer hulle praat
- Ek is betyds vir klasse
- Ek lewer werkstukke betyds in

(Enige toepaslike antwoorde) (2 × 1) (2)

7.6
- Gee terug aan die gemeenskap / doen vrywilliglik werk
- Styg bo jou omstandighede uit
- Moenie vullis strooi nie
- Wees goedhartig en besorg
- Vriendelik / Groet mense
- Respekteer ander mense se regte
- Hanteer ander billik
- Toon vergifnis
- Hou by die reëls

(Enige toepaslike antwoorde) (2 × 1) (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 8

8.1
- Vrywilligers bring energie, entoesiasme en talente wat die gemeenskap kan ophef✓✓
- Vrywilligers help om die werkslas van die organisasie te verlig, wat help om die werkers in die gemeenskap te ondersteun en te inspireer✓✓
- Vrywilligers bring welwillendheid, soos goedgesindheid, skenkingsbedoeling en sorg wat hoop vir die wat in nood is, bring
- Vrywilligers wys aan mense in die gemeenskap dat hulle tog die moeite werd is vir ander om tyd en moeite aan hulle af te staan
- Indien vrywillige werk nie in gemeenskappe plaasvind nie, mag families hoop verloor en uitmekaarspat
- Vrywillige hulp bring geluk en hoop vir dié in nood en maak die gemeenskap beter
- As gevolg van finansiële beperkings in ons land sal niks gemeenskappe verander as vrywilligers nie deelneem nie

(Enige toepaslike antwoorde)
Let wel: Antwoorde mag nie op die individue wat vrywillig werk doen, gerig wees nie (2 × 2) (4)

8.2 'n Span is 'n groep mense wat saamwerk om 'n gedeelde/gemeenskaplike doel te bereik✓✓
'n Studiegroep is 'n groep mense wat saam leer en studeer✓✓
(Enige toepaslike antwoorde)
Let wel: Moenie voorbeelde aanvaar nie (2 × 2) (4)

8.3 Twee voordele van 'n studiegroep: Studente het akademiese ondersteuning om oor die inhoud te praat totdat almal verstaan.✓ Deur die werk te bespreek word gespekvoering, debattering en onderhandelingsvaardighede bevorder.✓
Twee nadele van 'n studiegroep: die groep mag die verkeerde benadering volg, die verkeerde antwoorde hê en lede nie help nie.✓ Die groep mag dalk te veel oor ander goed praat en studietyd vermors.✓

Voordele:
- Die groep hou almal aanspreeklike en lede kan dit nie langer uitstel om te studeer of op te daag nie.
- Lede kan mekaar aanmoedig en motiveer om te studeer.
- Uitdagende vakke kan prettiger wees.
- Studente kan mekaar se kennis toets.
- Almal kan die werklading, hul kennis en ervarings deel.
- Iemand mag 'n begrip beter verstaan en dit aan almal verduidelik.

8.3 vervolg Nadele:

- Sommige lede mag onbetroubaar wees en nie deel van die groep word nie.
- Almal moet toegewyd wees, aangesien ander mense op hulle vertrou.
- Almal in die groep se leerstyle mag dalk nie dieselfde wees nie.
- Mense met verskillende persoonlikhede kan tot konflik aanleiding gee.
- Dit kan 'n mors van tyd wees indien studiesessies nie beplan word nie.
- Indien lede nie gemotiveerd is nie, kan hulle gesels eerder as om te studeer, met die gevolg dat niks gedoen word nie.

Let wel: TWEE punte word vir die voordele en TWEE punte vir die nadele toegeken. (4)
EEN punt word toegeken indien die antwoord in paragraafvorm is. (1)

8.4

- Haal diep asem
- Moenie wrokkigheid koester nie
- Doen oefeninge
- Wag totdat jy kalm is
- Tel tot by tien
- Draai om en loop weg
- Wees kreatief, skryf in 'n dagboek
- Huil of skree

(Enige toepaslike antwoorde) (3 × 1) (3)

8.5

- Ek stel realistiese doelwitte en maak seker dat ek 'n duidelik idee van sukses het.✓✓
- Dit maak nie saak hoed groot of hoe klein my prestasie is nie, ek beloon myself met iets waarvan ek hou.✓✓
- Ek verseker dat my verwagtinge van myself realisties is en ek myself die geleentheid bied om soms nie te slaag nie.
- Ek herinner myself daaraan dat dit nie daaroor gaan hoedat iets voltooi word nie, maar oor die proses wat ek gevolg het.
- Ek leer uit my foute en herinner myself daaraan dat dit beter is om met iets te begin as om niks te doen nie.

(Enige toepaslike antwoorde) (2 × 2) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou